"Look at the scoreboard" sê Rektor

Die Universiteit Stellenbosch is kerngesond te midde van die uitdagings in die hoër onderwyssektor. So kan prof Chris Brink, Rektor, se jaarlikse openbare verslag opgesom word. Sy tema was "Oor transformasie en gehalte by die Universiteit Stellenbosch".

Die vraag of mense vandag dieselfde dink oor die US as vyf of tien jaar gelede, is beantwoord deur 'n opname van die US se Sentrum vir Navorsing in Wetenskap en Tegnologie (SENWET) aan die einde van 2004. Die belangrikste vraag, het prof Brink gesê, is of daar 'n meningsverandering omtrent én binne Stellenbosch is. Die eerste belangrike bevinding was dat die US deur die meerderheid van sy belanghebbers gesien word as 'n instelling van gehalte, wat onderrig en navorsing van nasionale en internasionale standaard lewer.

Die opname het wat transformasie betref, drie groepe onderskei: Groep 1 meen dat transformasie met die nodige inagneming van institusionele kultuur en tradisies plaasvind, en dat dit verantwoordelik bestuur word (60% van die respondente); Groep 2 stem saam dat transformasie, maar meen dat dit onverantwoordelik bestuur word, ten koste van tradisie (23% van die respondente); en Groep 3 meen dat transformasie nie plaasvind nie, of dat dit heeltemal te stadig plaasvind (17%). Verder is daar 'n oorweldigende meerderheid (72-75%) wat meen dat die Afrikaanse taal en kultuur behou word, met 'n kleiner maar steeds beduidende meerderheid (58-66%) wat meen dat die Universiteit 'n multikulturele en inklusiewe instelling is. Volgens hierdie ondersoek, het prof Brink gesê, is daar dus 'n dominante tussengrond tussen diegene wat dink die US doen te veel, of beweeg te vinnig, en diegene wat dink die US doen te min, of beweeg te stadig. "Om vas te stel dat die tussengrond in werklikheid *dominant* is, is voorwaar goeie nuus." Dit, sê prof Brink, is in teenstelling met bewerings dat transformasie akademiese gehalte in gevaar sal stel. "Ons is volkome daartoe verbind om goeie akademici te wees, en, ongeag debatte oor alle ander sake, is dit waaraan die meeste van ons energie bestee word – soos dit ook behoort te wees. Aan diegene wat bekommerd was dat transformasie akademiese gehalte in die gevaar sal stel, kan ons dus 'n baie eenvoudige antwoord bied: *Look at the scoreboard*."

Prof Brink het dit gestaaf met feite en syfers deur die US te vergelyk met vier ander universiteite (Kaapstad, KwaZulu-Natal, Pretoria en Wits) wat soos die US 'n omvattende akademiese aanbod het, insluitende ingenieurswese en gesondheidswetenskappe. Die belangrikste van agt maatstawwe vir akademiese gehalte [kyk tabel onder] is die lewering van geëvalueerde vakkundige publikasies, waar Stellenbosch (heel bo in dié opsig) in die dekade ná 1994 'n bestendige, steeds stygende, toename in navorsingspublikasies per akademiese personeellid volhou.

Die US lei in vier van die agt maatstawe. Die ander drie is: die persentasie akademici wat doktorsgrade het; die persentasie ingeskrewe nagraadse studente; en (verreweg die beste in die land) die uiters belangrike toekenning van sg "Thrip"-fondse wat vir doelgerigte navorsing deur die Departement van Handel en Nywerheid verleen word, gekoppel aan gepaardgaande privaatsektor-"hefboomfinansiering".

Met die persentasie NNS (Nasionale Navorsingstigting) - geëvalueerdes onder akademici is die US tweede onder die betrokke vyf universiteite; soos ook met die verkryging van statutêre navorsingsfondse per akademiese personeellid.

Verder het prof Brink gesê daar is boonop heelwat meer dinge op akademiese gebied waarop die US trots kan wees. Enkeles is:

- US-navorsingsentrums funksioneer al hoe meer as nasionale dink- en kundigheidsentrums.
- Die US se profiel in Afrika verbeter geleidelik, met 'n diverse aantal goed funksionerende sentrums wat op Afrika fokus.
- In 2004 is meer doktorsgrade as ooit tevore toegeken.
- Vroeër vanjaar het die US die Departement van Wetenskap en Tegnologie se toekenning gewen as die tegnologies innoverendste hoëronderwys-instelling in die land (sien bl 8).
- En die US se totale befondsing deur donateurs het in die afgelope vyf jaar bestendig gegroei. (Sien inligtingsbrokkie op bl 7.)

So 'n hoë prestasievlak, ondanks al hoe meer druk op die hoëronderwys-sektor, "is 'n merkwaardige prestasie, waarvoor ons personeel al die eer moet kry. In sy toespraak het prof Brink ook verskeie ander uitdagings bespreek. Dit het ingesluit die taalkwessie; die US se posisionering as 'n omvattende, navorsingsintensiewe universiteit van medium grootte waarin voorgraadse getalle gestabiliseer word en nagraadse en navorsingsgetalle uitgebrei word; inisiatiewe om deurvoerkoerse van studente te verbeter en die feit dat oor die afgelope vyf jaar meer as 'n derde van die totale besigheid van die Universiteit nie van die staat of van studentegelde gekom het nie. Prof Brink het ook gesê dat alles in ag geneem, hy kan rapporteer dat "ons akademiese profiel vyf jaar ná die aanvaarding van ons Strategiese Raamwerk goed is, en steeds bestendig verbeter. Transformasie vind plaas (al is dit in sommige opsigte stadig), ons is besig om 'n beter houvas op die besigheidsdeel van die Universiteit te kry, en baie van die vrese en agterdog ten opsigte van institusionele kultuur wat 'n paar jaar gelede geheers het, het begin afneem. "

Besoek www.sun.ac.za/rektor/toesprake vir die volledige toespraak. Prof Brink lewer jaarliks 'n openbare verslag.

PRESTASIE-AANWYSERS (Universiteite Stellenbosch, Kaapstad, KwaZulu-Natal, Pretoria en Wits)	
Geëvalueerde vakkundige publikasies per akademikus	1ste
Persentasie NNS-geëvalueerdes onder akademici	2de
Persentasie akademici wat doktorsgrade het	1ste
Totale getal akademiese kwalifikasies per akademikus	3de
Student-dosent-verhoudingsgetalle	3de
Persentasie ingeskrewe nagraadse studente	1ste
Statutêre navorsingsfondse per akademikus	2de
Toekenning van sg. "Thrip"-fondse	1ste